**TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans Addisionele Taal Leesbegrip en Taalwerk** | **Eksaminator** | **Mev. M. Gough** |
| **Datum** | **19 November 2018** | **Totaal** | **45 Punte** |
| **Sessie** | **1** | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **5** | **Moderator** | **Mev. Pienaar** |
| **Spesiale instruksies/ toerusting** | **Instruksies**<br>• **Lees jou vrae goed deur.**<br>• **Gebruik die woordelys om jou te help.**<br>• **Moenie enige oop spasies los nie.**<br>• **Skryf netjies en leesbaar.**<br>• **Geen woordeboeke.** | | |
| **Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem.** | | | |

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

**Naam:** ________________________________ **Graad 5:** ________

## Afdeling A: Leesbegrip: 30

**Vraag 1:** Lees die gedig en antwoord die vrae.

***Kabouter se mouter***

1 Kosie Kabouter staan by die hek.
2 "Wie gaan saam? Daar's nog plek!"


3 "Waarheen is die rit?" vra Miempie Muis.
4 " Na 'n ver, ver plek weg van die huis."

5 "Ek gaan saam, Kosie Kabouter!"
6 "Klim maar in, ons ry met my mouter."

7 "Brmm-brmm-brmm, toet-toet-toet,
8 Kom gou, kom gou, bring jou goed!"

9 Doer trek die mouter
10 Met muis en kabouter.

*Marie Cronje*



| **WOORDELYS** | |
|---|---|
| **mouter** | **car** |
| **rit** | **journey** |
| **ongelukke** | **accidents** |
| **veld** | **field** |
| **geduik** | **dived** |
| **kragdrade** | **power lines** |
| **orals** | **every where** |
| **vergeet** | **forget** |

1. Aan wie behoort die mouter?

______________________________________________ (1)

2. Wie wil saam met hom ry?

______________________________________________ (1)

3. Waarheen gaan hulle ry?

______________________________________________ (1)

4. Watter soort dier is Miempie?

______________________________________________ (1)

5. Kosie sê dat sy haar goed moet bring. Wat dink jy is die goed?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

6. Vertel my waarheen dink jy gaan hulle? Skryf drie sinne

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)

---

**Vraag 2:** Lees die volgende storie en beantwoord die vrae.



***<u>Ongelukke in die straat en in die veld.</u>***

1 Jy wil oor die straat loop. Die lig word groen en jy stap oor. ‘n Mens hoor baie keer, “’n Kind het oor die straat geloop, maar hy het nie goed gekyk nie en toe het ‘n motor hom omgery.”

2 Diere maak ook ongelukke. Eendag het ‘n seevoël hoog gevlieg en het onder hom in die see ‘n vis gesien. Hy het geduik maar ‘n ander voël het in sy pad gekom. Hy het met sy bek deur die voël geduik. ‘n Man het hulle later op die strand gekry. Hy het gesê, “So ‘n ongeluk sien ‘n mens nie elke dag nie.”



3 ‘n Kameelperd het onder kragdrade deurgeloop, maar sy kop het in die drade vas gesit. Daar het die dier gestaan. Die mense het hom later gekry maar hy was al dood.



DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

4 ‘n Man het een nag ‘n olifant hoor skreeu. In die môre het hy gaan kyk maar die olifant was weg. Die man het een van die olifant se tande in ‘n boom gesien. “Die arme olifant,” het hy gesê, “hy het teen die boom vasgehardloop en sy een tand het in die dik boom ingegaan. Toe het hy agteruit geloop en sy tand self uitgetrek.”



5 Kyk goed! Kom daar motors? Nee! Loop nou vinnig oor.

*Woorde: 206* *Bron: Die Lente-Reeks*

7. Hoe het die een seevoël die ander seevoël doodgemaak!

________________________________________ (1)

8. Waarom het die kameelperd doodgegaan?

________________________________________ (1)

9. Wat het die olifant gedoen?

________________________________________ (1)

10. Die olifant se een tand het in die boomstam vasgesit. En toe?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

11. Dink aan ‘n ander plan wat die olifant kon maak om sy tand uit te kry

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

12. As jy die kameelperd kon red, wat sou jy gedoen het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (3)

13. Wat dink jy moet motoriste doen om ongelukke te vermy?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (4)

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

14. Hoe help die skolier patrollie om skoolkinders veilig oor die pad te kry?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (3)

15. Hier is 'n prentjie van 'n ongeluk. Skryf 'n kort paragraaf oor wat gebeur het om die ongeluk te veroorsaak.



______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (4)

**Totaal Afdeling A:____/30**

## Afdeling B: Taalbegrip: 15

**Vraag 1:**

Lees paragraaf 1 van die storie. Soek 4 **werkwoorde** en skryf hulle neer.

1.1 ________________________

1.2 ________________________

1.3 ________________________

1.4 ________________________



(2)

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

**<u>Vraag 2</u>:**

Verander die volgende sin in die **verlede** en **toekomende** tyd:

***'n Man sien die olifant.***

2.1 Verlede tyd:______________________________________________

2.2 Toekomende tyd:__________________________________________ (2)

**<u>Vraag 3</u>:**

Verander die volgende sin na **direkte** rede:

***Mense sê dat die kinders nie kyk waar hulle loop nie.***

________________________________________________________

________________________________________________________ (1)

**<u>Vraag 4</u>:**

In paragraaf 2 is daar twee sinne wat **voegwoorde** het. Skryf die sinne oor.

4.1 ______________________________________________________

______________________________________________________

4.2 ______________________________________________________

______________________________________________________ (2)

**<u>Vraag 5</u>:**

Gee die **teenoorgestelde** vorm vir die volgende woorde. (2)



| | | | |
|---|---|---|---|
| baie | | weg | |
| nader | | vas | |

**<u>Vraag 6</u>:**

Verander die volgende sin na 'n **bevelsin** en 'n **uitroepsin**.

***Jy wag en kyk goed.***

6.1Bevelsin:__________________________________________________

__________________________________________________

6.2Vraagsin:__________________________________________________

________________________________________________ (2)

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

**Vraag 7:**

Voltooi die **trappe van vergelykings**. (2)

| | | |
|---|---|---|
| hoog | | |
| | later | |

**Vraag 8:**


Skryf die volgende **vetgedrukte** woorde reg oor. (2)

8.1 In die **vroee** oggend ure het die olifant geskreeu.

________________________

8.2 In die **more** was die olifant weg.

________________________



**Totaal Afdeling B: ______/15**

**Groottotaal: ______/45**

DRAFT FOR NEWBY SCHOOL